



BENODIGDHEDE: Ongeveer 200 g geel Elle Summer Breeze (suiwer katoen, 50-g-bolle of 250-g-keëls); 'n paar gram lila vir borduurwerk; breinaalde van 3,50 mm en 4,50 mm; borduurnaald.

MATE: Om borsmaat van 56 cm te pas.

SPANNING: 18 steke en 24 rye = 10 x 10 cm oor koussteek, gebrei met garing dubbel en 4,50-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); ks - koussteek (een ry regs, een ry aweregs deurgaans); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; gl - glip; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; gedraaide rif - gedraaide riffelsteek (= twee steke regs, twee steke aweregs, maar steek breinaald deurgaans agter by regssteke in).

AGTERPANT: Stel 50 steke met geel en 3,50-mm-breinaalde op en brei 5 cm gedraaide rif.

Slaan oor na koussteek en 4,50-mm-breinaalde.

Brei voort tot werk 26 cm lank is.

Mousgatvorming: Heg 4 steke af aan begin van volgende 2 rye.

Heg 2 steke af aan begin van daaropvolgende 2 rye — 38 steke bly oor.

Brei reguit voort tot mousgat 13 cm lank is, en heg af.

VOORPANT: Soos agterpant, tot werk 26 cm lank is.

Mousgatvorming: Soos agterpant, maar brei eerste en laaste 4 steke gedraaide rif, en brei in elke volgende regsry nog 4 steke gedraaide riffelsteek, en brei voort tot werk 29 cm lank is.

Halsvorming: Heg middelste 2 steke af en brei skouers afsonderlik, in gedraaide riffelsteek, maar verminder aan halsrand 6 keer 1 steek, en heg af wanneer voorpant so lank soos agterpant is.

HALSSTROOK: Werk een skouernaat toe. Tel steke met 3,50-mm-breinaalde uit halsrand op en brei 'n strook van 4 rye in gedraaide riffelsteek, maar verminder in elke ry 1 steek aan weerskante van middelste by hals op voorpant.

ARMSGATSTROOK: Tel steke met 3,50-mm-breinaalde rondom armsgate op, brei 'n strook van 4 cm in gedraaide riffelsteek en heg af.

AFWERKING: Werk synate toe en borduur blommetjies op voorpant soos op foto gesien kan word.

Koel in katoen